## 8.2
## FINANSIëLE BESTUUR VAN e-KAMPUSPROJEKTE

**Bestek: Die beleid verskaf die finansiële reëls en regulasies soos van toepassing op e-Kampuskostepunte.**

**Beleid:**

### REëLS VIR ALLE e-KAMPUSKOSTEPUNTE

- Finansiële reëls, soos uiteengesit in die dokumente "Beginsels van Finansiële Bestuur" en die "Finansiële Kitsgids", is van toepassing op alle e-Kampuskostepunte.
- GEEN oorspandering word toegelaat nie.
- GEEN oorplasings tussen kostepunte word toegelaat nie.
- GEEN poste mag geskep word wat nie na afloop van die projek uit bedryfsfondse bekostig kan word nie.
- Geen kontrakte mag aangegaan word voordat die projekbegroting finaal deur die Projekraad goedgekeur is nie, en dan ook nie vir langer as wat die projekbegroting toegeken is nie.

### REëLS SPESIFIEK TOT FAKULTEITSKOSTEPUNTE

- Fakulteitskostepunte is ook aan die algemene reëls vir e-Kampuskostepunte onderhewig.
- Onthaalkoste mag nie uit fakulteitskostepunte verhaal word nie.
- Alle uitbetalings moet deur Dekaan of sy gemagtigde goedgekeur word.

### ALLE ANDER e-KAMPUSKOSTEPUNTE

- Onthaalkoste mag nie 5% van die projek se begroting oorskry nie.
- Spandering moet ooreenstem met die items wat in die begroting aangedui is. Die projekbestuurder is verantwoordelik daarvoor om te verseker dat dit ooreenkom.

### PROSEDURE INDIEN UITSONDERING VERSOEK WORD

- LW! Geen uitsondering op Reël 1 (onder Reëls vir alle e-Kampuskostepunte) word toegelaat nie.
- Die projekbestuurder rig die versoek, met motivering, aan die betrokke Stuurkomitee (Verkry vorm by Projektuskantoor)
- Indien die Stuurkomitee dit goedkeur, stuur die projekbestuurder die versoek, motivering en aanbeveling van die Stuurkomitee deur aan die Projektuskantoor (ekampus@sun.ac.za).
- Die Projektuskantoor lê die versoek voor aan die eienaar van die e-Kampusinisiatief (Professor Liesbeth Botha).
- Die Projektuskantoor stuur die uitslag van die versoek deur aan die projekbestuurder.
- Indien die versoek goedgekeur is, stuur die Projektuskantoor die versoek per e-pos deur aan Finansiële Dienste. Besonderhede van die bedrag en kostepunte ter sprake sal in die e-pos aangedui word.

**LW: Projekbestuurders of - eienaars mag nie direk met Finansiële Dienste skakel nie.**

**Kontak afdeling:**
Projektuskantoor